

Vergelyking: US Taalbeleid 2021 en 2026

Hierdie dokument is 'n samevatting van die vernaamste voorgenome verskille tussen die US Taalbeleid (2021) en die eerste konsepweergawe van die US Taalbeleid (2026).

- Geel merke toon aan waar die 2026- hersiene dokument substansieel van die 2021-beleidsdokument verskil.
- As algemene uitgangspunt wou die taakspan 'n minder swaarwigtige, meer toeganklike en minder regsgeleerde stemtoon in die Beleid aanslaan. Hierdie benadering het die aanpassings in alle afdelings belig met die oogmerk om duidelikheid, leesbaarheid en omgang te verbeter sonder om die vereisde aansluiting by regstegniese en institusionele bepalings te verswak.
- Die titel van die uitvoerende portefeulje wat vir die Beleid verantwoordelik is, is aangepas om veranderinge in institusionele struktuur te weerspieël – voorheen “Viserektor: Onderrig en Leer”, nou “Viserektor: Akademies” en “Studentedekaan”.
- 'n Nuwe instaatstellende bepaling ondersteun meertalige onderrig, leer, administrasie en institusionele kommunikasie by wyse van IKT (informasie- en kommunikasietegnologie) en KI-nutsmiddels (met kunsmatige intelligensie) met die klem op etiese, navorsingsgestuurde en mensgerigte aanwending.

KI kom in vier hoofgroepe Beleidsbepalings ter sprake:

<p>Leer en onderrig (7.1.1 en 7.1.6)</p> <ul style="list-style-type: none"> • KI-gesteunde leernutsmiddels • KI-bemiddelde vertaling/tolking • KI as pedagogiese steun (met erkenning van beperkings) <p>Institusionele beplanning (7.4.2 en 7.5.2)</p> <ul style="list-style-type: none"> • KI in personeelontwikkeling en onderrigsteun • KI wat in befondsde inisiatiewe vir meertalige innovasie verweef is 	<p>Tegnologiese infrastruktuur (7.7)</p> <ul style="list-style-type: none"> • KI-bemiddelde taaldienste (vertaling, transkripsie, onderskrifte) • Etiese en epistemiese beperkings • Navorsingsgestuurde ontwikkeling as beginsel <p>Implisiete stelsels as konteks (7.2.6 en 7.2.7)</p> <ul style="list-style-type: none"> • IT- en digitale platforms (voorsien indirek vir KI-integrasie, maar vermeld dit nie uitdruklik nie)
--	---

Terugvoer oor die voorgename aanpassings

Ons nooi alle lede van die Stellenbosch-gemeenskap uit om insette te lewer as deel van 'n proses van openbare oorlegpleging (18 Mei tot 8 Junie 2026). Ter wille van eenvoudige verwysing versamel ons u insette in drie groepe – A, B en C. Groep A dek afdeling 1 tot 6 van die konsepdokument, B dek afdeling 7, en C dek afdeling 8 tot 12.

GROEP A

Sleutelverandering: 1: Inleiding

Dimensies	Huidige Beleid	Hersiene Konsepbeleid
Integrasie van "Kern van die Beleid"	Die kern van die beleid word verskaf in 'n afsonderlike teksblok wat nie deel van die inleiding uitmaak nie.	Sleutel-idees uit die voormalige paragraaf "Kern van die Beleid" (bv. kennisproduksie, linguistiese diversiteit, die intellektuele waarde van tale) is in 'n enkele, koherente inleiding geïntegreer om oortolligheid te vermy en beter samehang te bewerkstellig.
Aansluiting by Visie 2040	Word nie uitdruklik in die inleiding uitgelig nie.	Verwys uitdruklik na Visie 2040, wat aansluiting by die US se langtermyn- strategiese koers versterk.
Bestek van taalgebruik	Fokus primêr op kontekste van leer en onderrig, maar sluit ook administratiewe, sosiale en leefkontekste in.	Bestek is soortgelyk, maar verskaf meer besonderhede oor akademiese, administratiewe, sosiale, kokurrikulêre, buitekurrikulêre en koshuiskontekste.
Taal as sosiale praktyk	Linguistiese diversiteit en intellektuele rykheid word in die algemeen vermeld.	Taal word uitdruklik geraam as sosiale praktyk wat met identiteit, mag, diversiteit, tuishoort en denkwyses verband hou.
Implementering en hulpbronverskaffing	Fokus op gelyke toegang en pedagogiese verantwoordbaarheid, met min besonderhede oor implementeringsmeganismes.	Vermeld spesifieke meganismes vir implementering, soos vertaling, tolking, meertalige materiaal en tegnologie. Erken dat hulpbronne beperk is en implementering geleidelik sal moet geskied. Lê groter klem op KI en tegnologie. Hou die US Taalimplementeringsplan (2024-2026) voor oë.
Toegang, deelname en omgang	Klem is primêr op gelyke toegang tot opvoeding.	Raming is uitgebrei om gelyke toegang, deelname en betekenisvolle omvang Universiteitswyd in te sluit.

Sleutelverandering: 2: Die meertalige konteks

Dimensies	Huidige Beleid	Hersiene Konsepbeleid
Oorhoofse struktuur	Lineêre narratief wat vanuit institusionele konteks na beskrywing van tale beweeg. 'n Breër bespreking van meertaligheid is aan die einde van die afdeling ingesluit.	Geherorganiseer vir strukturele progressie vanaf institusionele konteks na institusionele en individuele meertaligheid tot meertaligheid as ingesteldheid en praktyk. Daarna volg kontekstuele raming van institusionele tale (SAGT ingesluit).
Raming van taalfunksionering	Tale word hoofsaaklik as middele vir kommunikasie, insluiting en internasionalisering beskryf.	Tale word as bronne van kennisproduksie, begrip, identiteit en sosiale betekenisvorming geraam.
Die rol van transtaligheid	Word kortliks vermeld as voorbeeld van klaskamerpraktyk.	Is verweef as sleutel- pluritalige praktyk wat leer-, kommunikasie- en repertoire-ontwikkeling in verskeie kontekste ondersteun.
Bestek van meertaligheid	Primêr die institusionele en akademiese domeine, met beperkte verwysing na die breër Universiteitslewe	Uitgebrei om akademiese, administratiewe, sosiale, kokurrikulêre en koshuiskontekste in te sluit.
Akademiese geletterdhede	Word geïmpliseer maar nie konseptueel ontwikkel nie.	Word as gestruktureerde leerproses uitdruklik met pluritalige repertoire en dissiplinespesifieke taalontwikkeling verbind. Sluit uitdruklik visuele en digitale geletterdhede in.

Sleutelverandering: 3: Toepaslikheid van die Beleid

Dimensies	Huidige Beleid	Hersiene Konsepbeleid
Eksterne omgang	Word nie uitdruklik hanteer nie.	Erken uitdruklik dat, hoewel die Beleid eksterne omgang nie formeel beheers nie, taal nietemin sentraal staan in gemeenskapsinteraksie, -toegang en -deelname.

Sleutelverandering: 4: Doel van die Beleid

Dimensies	Huidige Beleid	Hersiene Konsepbeleid
Kernomskrywing van doel	Fokus eng op die regulering van en oorsigbestuur oor taalgebruik.	Behou regulatoriese funksie, maar beskou taal as toegangspoort tot kennis, epistemiese toegang en identiteitsvorming.

Dimensies	Huidige Beleid	Hersiene Konsepbeleid
Konseptuele raming	Implisiet administratief	Eksplisiet epistemologies en identiteitsgerig
Gerigtheid	Regulatories/bestuur	Regulatories asook instaatstellend en transformerend
Veeltaligheid	Word nie as sentrale doel uitgelig nie.	Stel 'n meertalige ingesteldheid uitdruklik as kernoogmerk.
Bestek van uitkomste	Breed maar onomskrewe	Gestruktureer om onderrig, navorsing, administrasie, sosiale impak en kurrikulumtransformasie te dek
Gelykheidsraming	Algemeen	Eksplisiete verband tussen tale, toegang en deelname

Sleutelverandering: 5: Oogmerke van die Beleid

Dimensies	Huidige Beleid	Hersiene Konsepbeleid
Struktuur	vyf oogmerke	ses oogmerke
Aansluiting by die Grondwet	Is in formele regstaal verwoord.	Regsbasis is dieselfde, maar vloeiender geformuleer ("waar redelikerwys uitvoerbaar" is behou).
Strategiese aansluiting	Volg Visie 2040 en die ouer US Strategiese Raamwerk.	Is met Visie 2040 en Strategiese Plan 2026-2030 bygewerk.
Meertaligheid	'n Enkele oogmerk waarin alle aspekte gekombineer is	Verdeel in pluralige repertoires en meertalige ingesteldheid
Konseptuele diepgang	Beperkte uitbreiding	Uitgebreide raming van meertaligheid as repertoire, praktyk en institusionele kultuur

Sleutelverandering: 6: Beleidsbeginsels

Dimensies	Huidige Beleid	Hersiene Konsepbeleid
Raming	Op voldoening ingestel	Meer interpretatief en op die Universiteitslewe ingestel
Grondbeginsels	Meertaligheid, toegang, pedagogie	Behou en duideliker gestel met sterker pedagogiese raming

Dimensies	Huidige Beleid	Hersiene Konsepbeleid
Akademiese geletterdhede	Kortliks	Uitgebrei en met pluralige ontwikkeling in verband gebring
Transtaligheid	Verwysing is beperk.	Word uitdruklik hanteer, en oor onderrig en leer (soms ook assessering) geïntegreer. Die vertrekpunt is om nie die vaste uitdrukking "onderrig-leer-assessering (OLA)" te gebruik nie, maar eerder uit te skryf wat presies bedoel word – soms wanneer onderrig en leer genoem word, is assessering bewustelik uitgelaat.
Afrikatale	Breedweg ondersteun	Sterker bevestiging van Afrikatale as tale van leer en akademieskap
Tegnologie	Geraam as basiese dienste.	Sluit navorsingsgestuurde KI- en digitale integrasie in.

GROEP B

Sleutelverandering: 7: Beleidsbepalings

Dimensies	Huidige Beleid	Hersiene Konsepbeleid
Oorhoofse struktuur	Hoogs gesegmenteerd en prosedureel	Dieselfde
Raming van meertaligheid	Afrikaans/Engels primêr, Xhosa geleidelik	Dieselfde struktuur, maar meer eksplisiet geraam as intellektuele en institusionele bronne
Transtaligheid	Ingesluit as beperkte klaskamerpraktyk	Uitgebrei tot rigtinggewende beginsel in formele sowel as informele kontekste
Afrikatale	Voorwaardelik: waar pedagogiese behoefte en kapasiteit bestaan	Versterk as akademiese tale van onderrig en leer
Xhosa	Geleidelike, omsigtige raming	Meer intensionele ontwikkelingsraming met institusionele verantwoordelikheid
IKT	Slegs IKT-verrykte leer	IKT én KI uitdruklik ingesluit (aanpassende nutsmiddels, vertaling, onderskrifte)

Dimensies	Huidige Beleid	Hersiene Konsepbeleid
KI	Afwesig	Uitdruklik ingesluit, met etiese en pedagogiese veiligheidsmaatreëls
Gelykheidsraming	Toegangsgereg	Toegang, deelname én epistemiese omgang

GROEP C

Slutelverandering: 8. Terugvoer, monitering en geskilbeslegting

Behou struktuur maar gebruik meer ontwikkelingsgerigte taal oor punte van kommer/terugvoer, eerder as raming suiwer volgens voldoening. Beleid is uitgebrei tot hoofde van skole.